Downloaded from www.mycourses.co.za

higher education
& training

Department:
Higher Education and Training
REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# NASIENRIGLYN

## NASIONALE SERTIFIKAAT

## BESTUUR: BOERDERY N5

## 11 November 2022

**Hierdie nasienriglyn bestaan uit 9 bladsye.**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


**INSTRUKSIES AAN NASIENERS**

1. Sien al die vrae na.
2. Volg die antwoorde volgens die nommeringstelsel wat in hierdie vraestel gebruik is.
3. Gebruik slegs 'n rooi pen.
4. Maak jou regmerkies en kruisies netjies en leesbaar.

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za


**VRAAG 1**

1.1 1.1.1 Onwaar
1.1.2 Waar
1.1.3 Onwaar
1.1.4 Waar
1.1.5 Onwaar

(5 × 2) (10)

1.2 1.2.1

- Vryheid om geleenthede te benut wat in die organisasie bestaan
- Buigsaamheid van die organisasie (geen rigiede reëls en regulasies wat 'n entrepreneur moet nakom nie)
- Vertroue dat bestuur die vermoëns van die entrepreneurs het, asook dat entrepreneurs ondersteun word
- Laat entrepreneurs toe om kreatief in die organisasie te wees
- Laat entrepreneur toe om sy/haar aktiwiteite onafhanklik uit te voer
- Die entrepreneur het die geleentheid om risiko's in die organisasie te neem (4 × 2) (8)

1.2.2

- Kombineer faktore van produksie
- Bepaal belonings vir faktore van produksie
- Beplan die organisasie
- Risikoneming
- Uitbreiding van besigheid (5 × 2) (10)

1.2.3

- Gemotiveer om doelwitte te bereik
- Positiewe selfbeeld
- Vindingrykheid
- Aanvaarding van risiko
- Streef na onafhanklikheid
- Intelligensie en formele onderwys (Enige 2 × 1) (2)

1.3 1.3.1 Onbeheerbaar
1.3.2 Beheerbaar
1.3.3 Beheerbaar
1.3.4 Beheerbaar
1.3.5 Onbeheerbaar

(5 × 2) (10)
**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


**VRAAG 2**

2.1

2.1.1 D
2.1.2 B
2.1.3 D
2.1.4 E
2.1.5 A

(5 × 2) (10)

2.2

2.2.1
- Testamentêre trust
- Kontraktuele trust (2)

2.2.2
- Daar is min statutêre voorskrifte aangaande die opstel van die trust.
- Die vestiging van 'n trust deur 'n kontrak stel die stigter en trustees in staat om die inhoud en doelwitte van die trust te bepaal.
- Die stigter kan maklik sy eie riglyne vir die bestuur van die trust bepaal.
- Daar is geen beperkings vir die aantal begunstigdes nie.
- Beter belastingvoordeel
- Slegs afsonderlike bates van die trust word blootgestel aan die risiko van moontlike mislukking.
- Daar is geen beperking op die duur van die trust nie.

(Enige 5 × 2) (10)

2.2.3
- Bestuur die trustbates met omsigtigheid
- Tree in goeder trou teenoor begunstigdes op
- Hou behoorlike rekords en rapporteer aan begunstigdes
- Hou hulle eie bates afsonderlik van erfgename s'n (4 × 2) (8)

2.3
- 'n Beslote korporasie is 'n afsonderlike regsentiteit wat beperkte aanspreeklikheid vir sy lede moontlik maak
- Die bied kontinuïteit vir sy lede omdat dit 'n regspersoon is.
- Die stigting van die korporasie is relatief goedkoop en maklik.
- Die bestuur is heel buigsaam.
- Besluitnemingstrukture is nie kompleks nie.
- 'n Beslote korporasie kan sy lede se belange koop en kan ook finansiële bystand aan sy lede verleen om hulle in staat te stel om lede van die besigheid te word.
- 'n Beslote korporasie kan aandele in 'n maatskappy koop en 'n maatskappy bestuur. (Enige 5 × 2) (10)

**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


## VRAAG 3

3.1 3.1.1 'n Strategiese plan is 'n plan wat fokus op die ontwikkeling van 'n breë langtermyn plan✓ om die algehele missie van die besigheid te realiseer.✓ (2)

3.1.2
- Strategiese beplanning fokus op 'n tydraamwerk van drie tot tien jaar
- Dit sentreer om alle aspekte van die hele besigheid
- Dit fokus op die toekoms en oorweeg alle moontlike omgewingsveranderings
- Dit vereis 'n deurlopende aanpassing by die omgewing
- Dit het geen spesifieke detail nie, maar het eerder algemene breë riglyne om die besigheid vorentoe te stuur (5 × 2) (10)

3.1.3
- Bestuurders is in staat om die eksterne omgewing te ondersoek en evalueer
- Meer winsgewende geleenthede vir die plaas kan geïdentifiseer word
- Verlang 'n beter begrip en bewustheid van geleenthede asook bedreigings in die eksterne omgewing
- Hulpbronne op die plaas kan maklik gebruik word om aan die eise van die omgewing te voldoen
- Boere se optrede en gedagtes is gefokus ooreenkomstig 'n langtermyn plan
- Verskaf leiding aan die boer om sy daaglikse aktiwiteite te bestuur
- Verskaf 'n raamwerk vir besluitneming (Enige 4 × 2) (8)

3.1.4
- Implementeer 'n groot verskeidenheid besluite as kleiner treetjies wat oor 'n langer tydperk versprei word
- Bereken die kontantvloei teenoor 'n verskeidenheid van prys en opbrengs op beleggingsmoontlikhede vóór 'n langtermyn verbintenis gemaak word aangaande grond, geboue en masjinerie
- Hou kontantvloei en finansiële rekords bygewerk om enige probleem vroeër as later op te merk
- Reël vir betaling van lang termyn finansiële lenings oor die langste tydperk so gou as moontlik om vir onsekere tyde voorsiening te maak
- Handhaaf deurgaans 'n gesonde finansiële posisie
- Hou 'n krediet- of kontantreserwe gelyk aan die bedrag wat nodig is om debiteure te betaal oor 'n tydperk van ten minste een of twee jaar
- Diversifiseer produksie deur op meer as een tipe gewas en/of lewende hawe te fokus
- Kies stabiele bedryfsvertakkings
- Gebruik lae belegging produksiestelsels
- Hou masjinerie en toerusting deurgaans in 'n goeie toestand

(Enige 5 × 2) (10)

Downloaded from www.mycourses.co.za
Kopiereg voorbehou 

Downloaded from www.mycourses.co.za


3.2
- Produksie-onsekerhede ✓ - Opbrengs per hektaar wissel grootliks as gevolg van weerstoestande en ander faktore soos plae en siektes.✓
- Prys-onsekerhede✓ - Die kragte van vraag en aanbod sal ’n impak hê op die pryse van gewasse en vee.✓
- Risiko as gevolg van veroudering ✓ - Die ou toerusting en masjinerie word verouderd en minder doeltreffend, daarom moet nuwes gebruik word.✓
- Politiese en sosiale onsekerhede✓ - Die veranderings in wetgewing in die landbousektor kan die produksiekoste verhoog en vereis dat boere nuwe vaardighede byleer.✓
- Menslike onsekerhede✓ - Die gesondheid en welstand van die menslike hulpbron is onvoorspelbaar en kan ’n negatiewe invloed op produksie hê. ✓
- Hou ’n krediet- of kontantreserwe gelyk aan die bedrag wat nodig is om debiteure te betaal oor ’n tydperk van ten minste een of twee jaar.✓✓
- Finansiële onsekerhede✓ - Veranderings in die beskikbaarheid, koste en termyne van terugbetaling van die geleende kapitaal kan die besigheid beïnvloed. ✓
- Meganiese onsekerhede✓ - ’n Mens kan nie voorspel wanneer die masjinerie onklaar raak nie. Die masjinerie kan tydens die spitstyd onklaar raak en dit sal ’n negatiewe impak op die winsgewendheid van die besigheid hê. ✓
- Onsekerhede vanweë natuurelemente en menslike ingryping✓ - Produksie kan deur onvoorsiene omstandighede soos brand, wind en slegte weerstoestande belemmer word. Gebruik lae belegging produksiestelsels.✓

(Enige 5 × 2) (10)

**[40]**

**VRAAG 4**

4.1
4.1.1 C
4.1.2 B
4.1.3 G
4.1.4 A
4.1.5 E

(5 × 2) (10)

4.2 4.2.1 Rose, ’n legataris, is ’n persoon wat ’n spesifieke bate ontvang soos in die testament beskryf word✓✓ terwyl Molly, die erfgename, deel van die hele bemaking of enige oorblyfsel nadat die skuld vir die testament betaal is.✓✓ (4)

4.2.2
- Die testament moet onderteken word
- Die ondertekening van die testament moet in die teenwoordigheid van ten minste twee gekwalifiseerde getuies plaasvind
- Die getuies moet die testament in die teenwoordigheid van die testateur onderteken
- Indien die testament uit meer as een bladsy bestaan, moet elke bladsy onderteken word (Enige 3 × 1) (3)

4.3 4.3.1
- Bepalings vir begunstigdes (3)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


- Toestande waaronder begunstigdes hulle deel van die bemaking ontvang
- Aanstelling van eksekuteurs

4.3.2 'n Eksekuteur is 'n persoon wat deur die Meester van die Hooggeregshof aangestel is✓ om toesig te hou oor die billike verdeling van Mnr. Chauke se boedel.✓✓ (3)

4.3.3 'n Konsolidasie van testamente is 'n situasie waar Mnr. Chauke en sy vrou ooreenkom ✓ dat hulle individuele boedel gekombineer word wanneer die eerste gade sterf.✓✓ (3)

4.4 Vruggebruik is 'n wetlike reg wat toegestaan word aan 'n persoon of party wat die tydelike reg om te gebruik en inkomste of voordeel van iemand ander se eiendom oordra,✓✓ bv.

- In plaas daarvan om die eienaarskap van die hele eiendom oor te dra✓
- Die plaas na die begunstigde, die testateur kan vruggebruik van die eiendom deur 'n derde party toelaat✓
- Vir 'n spesifieke tyd terwyl die gade leef
- Die persoon is dan geregtig om eienaarskap van die bate te neem
- Die plaas sal dan in die behoeftes van hierdie persoon voorsien
- Die huurder moet die grond onderhou en dit in dieselfde toestand hou as toe hy die grond ontvang het
- 'n Waarde kan aan hierdie reg geheg word (Enige 2 × 1) (4)

4.5

- Om die minderjariges se erfporsie te bestuur
- Om bevoegde mense toe te laat om die fondse te bestuur
- Om kundiges op 'n formele manier te betrek om die bates en belegging van kontant fondse uit 'n boedel te bestuur
- Om voorsiening te maak vir die voortsetting van die boerderybesigheid as een eenheid
- Om buigsaamheid in die finale besluit van bates te verskaf
- Om inkomstebelasting en boedelbelasting te spaar (Enige 5 × 1) (5)

**[40]**

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


**VRAAG 5**

5.1 5.1.1

- Hierdie polisse verskil van gewone polisse omdat die premies belastingaftrekbaar van inkomste is tot 'n maksimum bedrag
- Die feit dat annuïteite nie aan derde partye gesedeer kan word nie, maak dit 'n beter opsie om te spaar
- Annuïteite kan nie teruggekoop of aan derde partye gesedeer word nie en dit is 'n veilige opsie om te spaar
- Aftree-annuïteite kan met of sonder lewensdekking gekoop word
- In die geval van gewone polisse vir individue is die premie nie-aftrekbaar vir belastingdoeleindes
- By aftrede is een derde van die fondse beskikbaar om opgeneem te word en is vrygestel van belasting
- Die opbrengs wat die polis gegenereer het, is weer belasbaar wanneer dit uitbetaal word
- Geen eis kan teen hierdie geld gemaak word in die geval van insolvensie nie
- Die opbrengs van aftree-annuïteite mag nie opgeneem word voor die ouderdom van 55 nie. (Enige 5 × 1) (5)

5.1.2

- Hierdie versekering val onder korttermyn versekering
- Hulle bied dekking teen eise van 'n derde party
- Die eise kan wees vir beserings van 'n persoonlike aard en skadevergoeding waar die boer verplig word om vergoeding te betaal
- Hierdie tipe van versekering word ontwerp om die boer teen regsaksie en hofsake van die publiek te beskerm
- Hierdie dekking sluit gewoonlik die boer se gade en afhanklikes in (5)

5.2 5.2.1

- Onvoorsiene verliese as gevolg van ongunstige weerstoestande
- Droogte
- Hael
- Oorstromings
- Sneeu
- Donder
- Weerlig
- Plantsiektes
- Plantplae
- Brandskade
- Aardbewings (Enige 4 × 1) (4)

5.2.2

- Verliese veroorsaak deur nalatigheid
- Verliese veroorsaak deur swak verbouingspraktyke
- Verliese veroorsaak deur diefstal van gewasse (3)

5.2.3

- per hektaar
- volgens gewaswaarde (3)

Downloaded from www.mycourses.co.za

Downloaded from www.mycourses.co.za


- word bepaal deur risiko gebaseer op historiese verliese in die area en die bedrag belê per hektaar

5.3 5.3.1 Waar
5.3.2 Onwaar
5.3.3 Onwaar
5.3.4 Waar
5.3.5 Onwaar

(5 × 2) (10)

5.4 5.4.1 Heleleweversekering
5.4.2 Uitkeerpolis met lewensdekking
5.4.3 Suiwer uitkeerpolis
5.4.4 Verskanste polis
5.4.5 Ongeskiktheidsversekering

(5 × 2) (10)
**[40]**

**TOTAAL: 200**

Downloaded from www.mycourses.co.za